



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 7 Januarie 2021

Gedagte van die week:

Die lewe is gemaak van modder en marmer, modder en marmer... (Nathaniel Hawthorne; 1804-1864)

Vertrekpunt:

Matteus 2:13-23

Meditasie uit die teks:

Die arme, arme seuntjies. As ek hulle ouers was sou ek darem baie vrae gevra het oor die regverdigheid van God en lewe. Ek sou wou murmureer oor net die Een wat uitgesonder en gered is en die ander wat oorgelaat is aan Herodes se egosentriese woede. Ek sou wou vra: "Hoe kon U? Hoe kon U dit toelaat? Waarom het U Herodes nie gekeer nie? Hoe kon U en waar was U? U wat nooit sluimer of slaap nie ... regtig?" Die antwoorde op hierdie vrae is nou nog onafgelewer in die pos. Al wat ek uit hierdie elf verse met my kan saamneem na die nuwe week is dat die lewe 'n ongelyke en uitdagende speelveld is. Al wat ek kan doen is om vrede te maak met hierdie ongelyke (onregverdige?) speelveld en ten minste te kies om aan die regte en goeie kant te speel. Ek het nie die vryheid om die speelveld te kies nie, want dit is 'n gegewe. Ek het wel die vryheid van keuse aan watter kant ek gaan speel en hoe ek gaan speel: saam met Herodes en soos Herodes **of** saam met Jesus en soos Jesus. Dit sal 'n daaglikse keuse en besluit wees. Elke dag van 2021. Elke dag.

Youtubeskakel:

Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 10 Januarie 2021, se reisgesprek. Jy sal dit ook via whatsapp ontvang as jy op die whatsappgroep is. <https://youtu.be/67dcESvBQ6M>

Meditasie uit die lewe:

Meer as een persoon vra of ek al **Chasing the Sun** gekyk het. Dit is die reisverhaal van die Springbokrugbyspan op pad na die 2019 Wêreldbeker. So ek kyk dit die vakansie. Ek huil saam met Rassie Erasmus wanneer hy praat oor Makozole Mapimpi wat geen familieledede oor het nie. Ek is beïndruk met die volwasse gesindheid van die jonge Sbu Nkosi wat aanvaar dat hy net 'n plaasvervangerrol het om te speel. Siya Kolisi se verhaal van hoe sy ouma hulle laat suikerwater drink het by gebrek aan kos, ontstel my, want ons tafel was en is altyd vol en selfs oorvol. Maar die res van die tyd is ek bietjie ontwrig. Dit is vir my moeilik om te hoor dat een mens 'n ander mens in die naam van sport aanmoedig om iemand anders op te "f..." Ek verstaan nie die oordadige aggressie en kragtaal nie en wonder oor die noodsaaklikheid daarvan. Die spelers se lewensstories is pragtig en ek sal hulle graag, maar van die kleedkamerstories is vir my minder mooi. Ek het net weer besef die telbord vertel nie altyd die hele storie nie. In hierdie jaar van Jesusnavolging is speelveld en kleedkamer ewe belangrik, die lewe agter die skerms en die lewe voor die skerms moet gesinchroniseer wees. Dit is die minimum vereiste vir enige rolmodel. Ook vir ons. So ek bly maar by my voorneme: ***In 2021 I'll chase the Son, everywhere and all the time.***

Nuwe kontakbesonderhede

Vanaf 1 Januarie 2021 het ek nie meer 'n Telkomlandlyntelefoon nie. Jy kan my van nou af net op my selfoon kontak by **082 877 4433**. My persoonlike eposadres het ook verander na nortierjohannes6@gmail.com. Ek sal dit waardeer as jy dit op jou databasisse sal verander as dit vir jou belangrik genoeg is.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com